

14 April

Skrifgedeelte: Filemon 1:27-2:11

Fokusgedeelte: Filemon 2:1-11

Maak die gesindheid van die Here Jesus jou eie

Elke mens is uniek. So het die Here ons geskape. Daar is nie twee mense op die aarde wat presies dieselfde is nie. Daarom gebeur dit soms dat mense so van mekaar verskil dat dit lei tot persoonlikheidsbotsings en onenigheid.

Die Here roep ons egter om eensgesind te wees. Dit beteken nie dat ons fotostate van mekaar moet wees en oor alles denkbaar moet saamstem nie. Nee, eensgesind beteken: ons moet dieselfde liefde vir die Here en vir mekaar deel en dieselfde doel nastreef. Dít is alleen moontlik wanneer ons as volgelinge van die Here Jesus sy gesindheid ons eie maak [2:5].

Hy as die Seun van God, wat die hoogste plek in die skepping beklee het, het na hierdie wêreld toe gekom en die laagste plek kom inneem. Hy het ons as slaaf met sy eie lewe kom bedien. Sy gesindheid was dus: nie om in die eerste plek aan Homself en aan sy gerief en voordeel te dink nie. Nee, Hy het in die eerste plek aan ons gedink.

Nou sê die Here dat daar slegs eensgesindheid tussen verskillende mense kan wees as die gesindheid van die Here Jesus in elkeen is. Prakties beteken dit dat jy niks uit selfsug of eersug moet doen nie, maar altyd 'n ander een in nederigheid hoër as jouself moet ag [2:3-4]. Jou lewe moet dus nie ek-gerig wees nie. Jy moet nie jou eie voordeel en geluk soek en najaag nie, maar die van ander. Dan alleen kan mense met verskillende persoonlikhede eensgesind wees en in liefde en vrede saam lewe.

Sing: Psalm 133:1,2

Ds C Krüger (Nelspruit)